AANBOUINGS BY KERKGEBOU

Op 15 Julie sal Ds Jannie Hougaard die diens in die Sentrum lei en dan ook die gemeente inlig oor die aanbouings en verbeteringe by die kerkgebou in Kleinmond.

DS STEVEN SPAN UIT

Ds. Steven is met verlof vanaf 29 Junie tot 9 Julie. Indien u 'n leraar benodig, kan dr Chris gebel word (028 271 3913)

OMGEE BOETIEK

Die Omgee-Boetiek sal oop wees gedurende die skoolvakansie. Enige donasies van wintersklere, beddegoed, ens sal waardeer word. Skenkings kan afgegee word by die kerksaal, verkieslik Maandae en Vrydae, tussen 10 en 12 uur.

FYNBOS HOU WINTERMARK

Tot 7 Julie in die kerksaal.
Maandag – Vrydag 10:00 – 15:00
Saterdae 10:00 – 13:00.
Kom besigtig en KOOP die pragtige handgemaakte artikels - Kaartjies, Breiwerk, Handsakke, Appliqué, & Decoupage items, Juweliersware, Baba- & Kinderklere, Belgiese sjokolade, Lyfroom, Boeke, Koek, Poeding, Terte, Samoosas, Vars gemaakte Mayonnaise en vele meer.....
Ons heerlike tuisgemaakte Sop & Brood, Pannekoek, Kerrie & Rys en Vetkoek sal weer te koop wees.
Vir meer inligting bel Melanie of Averyl 028 271 3602

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

1 Julie 2018

Welkom by die Erediens

09:00 Hangklip - Ds. Johann Botha

09:30 Kerkgebou - Dr. Chris Malan

09:30 Kogelpark - Ds Jimmy de Villiers

Deurkollekte: Plaaslike Diens van Barmhartigheid

Eredienste Sondag 8 Julie 2018

09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kerkgebou

Deuroffer: VGK

PINKSTER DVD'S

Almal wat die pakket bestel het, kan dit nou kom afhaal by die kerkkantoor.

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Hennie Rossouw: HK1,
Mariaan Hattingh: BB3, Daan Botha: BB4,
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Lena Nel: Sa1, Johan Els: Sa1, Gerda le Roux: Sa3 (☎3254),
Frieda Willemse: Sc2, Maria Human: Sc4,
Annari Coetzee: Bb4, Emma Bates: PM5 (☎4256),
Rosa Wacker: KP1 (☎3994) en Riti Turner: KB1 (☎4917)

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Roelf Beukes (Sa1), Jan Vermeulen (Sa4),
Alet van Velden (Sa1), Judith Fourie (Bb1)

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer plaas op **Sondag 1 Julie 2018 om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp.** Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges bo-oor kerkgrense. Vir meer besonderhede kontak Lisel Krige sel 082 572 2711\028 272 9533 of Hesta Smit 028 271 4000 / 083 608 4356

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Dinsdag : 18:30	Biduur vir Sendelinge by Ds Hendrik Saayman, Kusweg 40

VERBETERINGE AAN KERKGEBOU

Baie dankie vir die oorweldigende positiewe reaksie na verlede Sondag se verduideliking oor die droom vir die pad vorentoe betreffende ons kerkgebou in Kleinmond. Ons sien reeds hoe soortgelyke veranderings by Hangklip-sentrum 'n positiewe uitwerking het. Ons glo dat dit in lyn is met ons gemeente se roeping om die Here se Lig te versprei: binne én buite ons gemeente-familie.

Ons kom kuier op 15 Julie by Hangklip-wyke om hulle ook op hoogte te bring van die planne in Kleinmond.

As daar enige persoon is met nog idees en wenke, bring dit. Daar was ook Sondag persone wat spesifieke hulp aangebied het. Sal hulle nie asseblief so gaaf wees om met Helgaard Muller kontak te maak nie? Hy kon nie Sondag tussen al die gesels julle name en kontaknommers neerskryf nie. Bel Helgaard by 072 246 6329. Hy neem leiding by die Eiendomskommissie van ons gemeente. Die planne en prente is ook agter in die kerk aangebring. Kom kyk gerus.

Ons het 'n embleem vir ons gemeente se roeping, die uitdra van die Here se Lig, nodig. Op die oomblik gebruik ons die meegaande prentjie wat van die internet verkry is. Ons sal eerder een van ons eie mense wat mooi teken, se weergawe wil gebruik. Teken iets en bring dit asb. kerkkantoor toe of stuur dit per e-pos na hougaardjan@gmail.com.

WELKOM NUWE LIDMATE

Ons het die bewys van lidmaatskap van die volgende lidmate ontvang:

Dorothea Wilhelmina Swart van Caledon (Bb1)
Elizabeth Judith Fourie van Caledon (Bb1)
Hester Winifred le Roux van Strand-Noord (KP)
Cornelius Johannes en **Maria Elizabeth Britz** van Monte Vista (KB2)

Ons hoop almal is reeds ingeskakel en baie tuis en gelukkig.